

DIE GAATJIES MAAK DIE VERSKIL

Saamgestel uit klein vierkante wat dit vir jou maklik maak om die werk saam te neem waar jy ook al gaan

MET MIN GAATJIES

BENODIGDHEDE: 750 g Tridalia-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 1,50 mm.


MATE: Elke vierkant is ongeveer 9 cm. Die voltooide tafeldoek sal ongeveer 108 x 108 cm wees.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; sp(s) - spasië(spasië); kb - kortbeen; lb - langbeen; beg - begin; dsl - dubbelslagsteek; st(e) - steek(steke); vlg - volgende; herh - herhaal; ls(e) - lus(lusse); gs - glipsteek; gp(e) - groep(groepe); d.w.s. meer as een langbeen waarvan laaste ls op hekelpen gehou word na alle lusse saam deurgetrek is.

AANWYSINGS: Begin met 6 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 3 ks (vir 1e lb), 3 lb, 4 ks in ring; * 4 lb, 4 ks * herh nog 3 keer van * tot *, eindig met gs in bokant van begin-ks.

2e rondte: gs oor 1e st, 3 ks in 2e lb van vorige ry, * 1 lb in 3e lb van vorige ry, 1 ks; (4 lb, 3 ks, 4 lb, 1 ks) in 4-ks-sp, slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb *; herh van * tot * nog 3 keer, maar eindig met gs in bokant van 3 beg-ks.



3e rondte: 3 ks (vir 1e lb), * 1 lb in vlg lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in elk van vlg 3 lb, (3 lb, 4 ks, 3 lb) in 3-ks-sp, 1 lb in elk van vlg 3 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb *; herh nog 3 keer, maar eindig laaste herh met gs in bokant van 3 ks i.p.v. met 1 lb.

4e rondte: 3 ks (= 1e lb), * 1 lb in vlg lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 5 lb in vlg 5 lb, (3 lb, 4 ks, 3 lb) in 4-ks-sp, 1 lb in elk van vlg 5 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb *; herh van * tot * nog 3 keer.

5e rondte: Soos 4e rondte, maar hekel 7 lb i.p.v. 5 lb. Knip draad af.


Hekel nog 143 sulke vierkante en werk hulle met naald en garing aan mekaar vas. Hekel rondom tafeldoek soos volg:

1e rondte: Heg garing met gs in hoek-sp vas en hekel 7 kb, daarna 1 kb op elke lb en 3 kb in elke sp.

2e rondte: * 1 kb in elk van vlg 4 ste, 1 picot (3 ks, 1 kb in 1e ks) herh rondom, maar hekel 1 kb, 1 picot, 1 kb, in hoek-sp. Heg af.

MET BAIE GAATJIES

BENODIGDHEDE: 500 g Tridalia-hekelgaring Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.



MATE: Elke vierkant = 8,5 x 8,5 cm. Die voltooide tafeldoek is ongeveer 120 x 85 cm groot.

AFKORTINGS: Soos tafeldoek met min gaatjies.

L.W.: Dié vierkante word vanuit 'n hoek gehekel.

AANWYSINGS: Begin met 14 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e ry: 3 ks (vir 1e lb), 3 lb, 5 ks, 4 lb, draai.

2e ry: 3 ks (vir 1e lb), 1 lb in elk van vlg 3 lb, (3 lb, 5 ks, 3 lb) in 5-ks-sp, 1 lb in elk van vlg 4 ste, draai.

3e ry: 3 ks (vir 1e lb), 1 lb in elk van vlg 6 ste, (3 lb, 5 ks, 3 lb) in 5-ks-sp, 1 lb in elk van vlg 7 lb, draai.

4e ry: 5 ks (vir 1e lb plus 2 ks), slaan 2 lb oor en hekel (1 lb in vlg lb, 2 ks, slaan 2 ste oor) 2 keer, (1 lb, 5 ks, 1 lb) in 3e van 5 ks, (2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg lb) 4 keer; draai (d.w.s.: 4 sps, 1 sp in hoek, 4 sps).

5e ry: 5 ks (= 1 lb plus 2 ks), (1 lb op lb, 2 ks) 4 keer, (1 lb, 5 ks, 1 lb) in 3e van 5 ks, (2 ks, 1 lb) 5 keer, draai.

6e ry: 3 ks (= 1e lb), 2 lb in elke 2-ks-sp, 1 lb op lb, tot by hoek, in hoek-sp hekel (3 lb, 5 ks, 3 lb) 2 lb in elke 2-ks-sp, 1 lb op lb tot einde, draai.

7e ry: 3 ks (= 1e lb), 1 lb in elk van vlg 18 lb,

(3 lb, 5 ks, 3 lb) in vlg sp, 1 lb in elk van vlg 19 lb, draai. Hekel nou voort rondom vierkant soos volg:

1e rondte: 5 ks (= 1 lb en 2 ks), slaan 2 ste oor (1 lb in vlg lb, 2 ks, slaan 2 lb oor) 7 keer, (1 lb, 5 ks, 1 lb) in 3e van 5 hoek-ks; herh rondom, eindig met gs in 3e van 5 begin-ks.

L.W.: Wanneer oor die twee syrande gehekel word, moet die lb in die ry-einde geplaas word vir eweredige spasiëring.

2e rondte: 3 ks, 3 dsl in dieselfde basis-st maar hou laaste ls van elk op pen en trek saam deur om 4-dsl-gp te vorm; * (5 ks, slaan 1 lb oor, een 4-dsl-gp op vlg lb) 4 keer, 2 ks, (een 4-dsl-gp, 5 ks, een 4-dsl-gp, 2 ks) in 3e van 5 hoek-ks, een 4-dsl-gp in vlg lb *; herh van * nog 3 keer maar eindig laaste herh met gs in 3e begin-ks i.p.v. met een 4-dsl-gp. Knip draad af.

Hekel nog 143 sulke vierkante en werk hulle met naald en garing aan mekaar vas soos op foto gesien kan word.

Met regte kant voor heg garing weer aan 'n gs in hoek-sp vas en hekel 7 kb, daarna 5 kb in elke 5-ks-sp en 1 kb op elke 4-dsl-gp rondom. Hekel 'n 2e ry van krapsteek rondom, knip garing af en heg af.